

Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Oktober 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 16-1:1, 2 (15:1, 2)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 130:1, 2 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

Psalm 105:1, 2, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Skriflesing: Deuteronomium 6:1-25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 27:74

Kernverse: Deuteronomium 6:6-8

En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. (Deuteronomium 6:6-8 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 74

Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord:

Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e), in die plek waarvan in die Nuwe Verbond die doop ingestel is (f).

(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47. (e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-13.

Tema: Kan ons kinders nog van die ongelowiges se kinders onderskei word?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vanoggend roep die Here elke gelowige ouer tot besinning. Dit is nie net die doopouers nie, maar ons almal moet luister na die Here se stem. Daar word vir almal van ons gevra: Kan ons kinders nog van die ongelowiges se kinders onderskei word? Ons bely tog dat ons kindertjies **deur die doop as teken van die verbond van die kinders van die ongelowiges onderskei moet word.**

Ons weet immers dat elkeen wat gedoop word nie hier by die doopwater aan die buitekant anders word as wat hy was voordat die doopwater op hom gekom het nie. Die plekkie waarop die doopwater gedrup het toe hy gedoop is, bly nie tot in lengte van dae nat, sodat ander mense kan sien hy is gedoop nie. Nog minder groei daar skielik vlerkies op die rug van die kind wat gedoop is. Daar verskyn ook nie 'n stralekransie bokant die kind se kop nie. Die sakrament van die doop en die doopwater is nie 'n toorstaffie wat paddas in prinse verander nie. Met die doop van hierdie klein seuntjie gaan daar uiterlik niks skielik aan hom verander sodat hy van die ongelowiges se kinders onderskei kan word nie.

Dadelik wil ons dan vra, maar hoekom bely ons dit dan? Hoe kan ons kinders deur die doop as teken van die verbond uitgeken word tussen die ongelowiges se kinders as daar uiterlik niks skielik aan hom verander nie. Om hierdie deel van ons belydenis te begryp en uitvoering daaraan te gee, moet ons begin by wie die Here is. Hy is die enigste God en Hy het mense lief en verwag dat hulle Hom ook sal liefhê. Uit sy eie, sonder dat 'n mens iets moet doen, begin God van sy kant af 'n verhouding met 'n mens. Omdat Hy die verhouding begin, omdat Hy die mens eerste liefhet, wil Hy hê dat die mens hierdie liefde van die Here ook met liefde vir die Here sal beantwoord.

Nou weet ons almal dat 'n verhouding by ons mense nie iets is wat soos 'n skakelaar aangeskakel kan word nie. 'n Mens het nie 'n skakelaar wat jy net moet aanskakel en skielik is jy baie lief vir iemand anders nie. 'n Verhouding is iets wat groei. 'n Mens leer eers die ander persoon ken en mettertyd groei hierdie verhouding van eers net mekaar ken tot 'n verhouding waarin julle mekaar vertrou en mekaar liefhet.

Die boek Deuteronomium is die laaste onderrig wat Moses aan die volk van die Here gegee het voordat hy gesterf het. Hierdie volk van die Here is die mense wat die Here met sy magtige daade veertig jaar vantevore uit die slawerny van Egipte uitgelei het. Uit Egipte het die Here sy volk verlos omdat Hy 'n verhouding met hulle voorvader Abraham begin het – sy verbondsverhouding. Die Here se liefde vir sy volk het sigbaar geword in die wyse waarop Hy hulle uit Egipte verlos het.

Hierdie mense wat nou die laaste onderrig van Moses ontvang, het vir veertig jaar die liefde en troue versorging van die Here ondervind. Gedurende hulle woestyntog het die Here vir hulle brood uit die hemel gegee – manna. Hy het gesorg dat hulle vleis het om te eet en water om te drink. Die Here sê self hoe goed Hy hulle versorg het in die afgelope veertig jaar in die woestyn. Hulle klere het in die veertig jaar nie verslyt nie, en hulle voete het nie geswel nie (Deut 8:4). Die Here het werklik sy liefde vir die volk konkreet gewys. Sy liefde vir hulle was nie net woorde nie.

Die Here het al hierdie dinge gedoen sodat die volk Hom as die enigste God kon leer ken en weet dat die Here se bedoelings met hulle eg is. Deur hierdie daade en die woorde van die Here het die Heilige Gees die volk gelei om die Here as hulle enigste God te ken en lief te hê. Die Here het werklik alles gedoen sodat Israel met Hom in 'n lewende verhouding kan leef. In ons hoofstuk sê die Here ook wat Hy verder gaan doen. Hy bring hulle in die beloofde land en gee dit aan hulle. Hy gee vir hulle groot en mooi stede wat hulle nie gebou het nie, huise vol voorrade waarvoor hulle nie gewerk het nie, putte wat hulle nie uitgekap het nie, wingerde en olyfboorde wat hulle nie geplant het nie. Hy gee vir hulle 'n oorvloed van alles. Die Here hou werklik aan om vir Israel alles te gee sodat hulle in 'n lewende verhouding met Hom kan bly lewe.

Vir die grootmense sê die Here dan: *Wanneer julle in die land van oorvloed kom wat Ek vir julle gee, moet julle sorg dat julle nie vergeet dat Ek julle uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie.* Hoe sou die grootmense dit kon regkry om nie die Here te vergeet nie? Hulle sou dit regkry deur die gebooie wat die Here hulle geleer het in hulle gedagtes te laat bly. In die gebooie het die Here dit vir Israel duidelik gemaak hoe hulle Hom met hulle hart en siel en met al hulle kragte kan liefhê. Die gebooie is nie sommer net 'n klomp reëls en wette nie. Die gebooie is die Here se wil wat Hy aan Israel bekend maak. Met die gebooie sê die Here vir sy volk: So wil Ek hê dat julle My moet liefhê.

Elke grootmens moes die gebooie van die Here dag na dag oordink sodat hulle beter kan verstaan hoe hulle die Here se liefde vir hulle met opregte liefde vir Hom kan beantwoord. Hulle moes as't ware die Heilige Gees voortdurend smee dat Hy hierdie woorde van God op die tafels van hulle harte moet graveer sodat hulle die Here se woorde in hulle kan hê. Met die krag en werk van God se Gees sou hulle dan regtig in 'n lewende verhouding met hulle God kon leef.

Maar dit is nie net die grootmense wat die gebooie van die Here in hulle gedagtes moet hê en hou nie. Daarom sê die Here:

Jy moet dit (die gebooie) jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.

(Deuteronomium 6:7 AFR53)

Die kinders van die volk moet ook die Here ken sodat hulle Hom ook kan vertrou en liefhê en in 'n lewende verhouding met Hom kan leef. Met die verbond staan die Here in 'n verhouding met die ouers en die kinders. Aangesien die beloftes wat die Here aan die ouers maak ook vir die kinders geld, beteken dit dat die ouers hulle kinders moet leer om die Here lief te hê soos wat Hy dit verwag en die ouers vir hulle kinders 'n voorbeeld is. Israel het wel in die beloofde land gaan woon, maar hulle was nie in 'n kokon toegevou nie. Rondom hulle het volke gewoon wat afgode gedien het. Daarom moes Israel hulle kinders leer, sodat die kinders van die heidene se kinders onderskei kon word.

Daardie klein babatjies van Israel het nie outomaties in 'n lewende verhouding met die Here geleef omdat hulle besny is toe hulle agt dae oud was nie. Hulle pa's en ma's moes met hulle praat oor die Here en oor die Here se liefde vir hulle. Die kindertjies moes ook in die verhouding met die Here ingroei. Hierdie groei kan alleen behoorlik plaasvind as pa en ma werklik tyd maak en aanhoudend met hulle kinders oor die Here en sy werke met hulle praat.

Die pa en ma kan alleenlik met oortuiging hulle kinders in 'n lewende verhouding met die Here begelei as hulle die gebooie van die Here in hulle gedagtes het. Dit wil sê, as pa en ma in 'n lewende verhouding met die Here leef, sal hulle kinders hulle woorde as eg en betroubaar beleef. Hoe sal die pa en ma kan wys dat hulle regtig in 'n lewende verhouding leef? Wanneer hulle die gebooie van die Here as 'n herinneringsteken aan hulle hande vasbind en dit 'n merk op hulle voorkoppe is. Uit die manier waarop pa en ma met hulle hande werk en deur die wyse wat hulle praat en redeneer, sal dit vir die kinders duidelik word dat hulle ouers in 'n lewende verhouding met die Here leef. Die pa en ma van die jong kindjie moet alles wat hulle doen en sê so doen en sê omdat hulle in 'n verhouding is met die enigste lewende God. Pa en ma se lewe sal die woorde wat hulle met hulle kinders praat ondersteun en die kinders sal oortuig wees dat die woorde van pa en ma eg en betroubaar is. So sal die kinders ook leer om die Here lief te hê oor wie Hy is.

Nou sê die Here ook nog *waaroor* die ouers met hulle kinders moet praat. Ja, hulle moet oor die Here en sy gebooie met die kinders praat. Maar 'n mens praat tog oor iets en leef in 'n verhouding met die Here omdat Hy eerste iets vir die mens gedoen het. Die Here het sy volk met magtige dae uit Egipte verlos. Pa en ma moet dit vir die kinders vertel sodat hulle ook kan agterkom hoe lief die Here hulle werklik het. En dit is hierdie liefde van die Here wat pa en ma motiveer om aanhoudend in 'n lewende verhouding met die Here te leef en hulle kinders ook in so 'n lewende verhouding met die Here te begelei.

Broers, susters en kinders, dit wat die Here destyds met Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte verlos het, was maar nog net die voorprent van die verlossing wat Hy eintlik wou bring. Die ergste slawerny waaraan mense onderwerp is, is nie wanneer mense ander mense as slawe besit en behandel nie. Die ergste slawerny is wanneer 'n mens nog dood is in die sonde en die duiwel baas is oor jou. En die enigste effektiewe manier waarop mense van die mag van die sonde en die heerskappy van die duiwel verlos word, is wanneer die straf op die sonde uitgedien word. Ons mense kan nie self hierdie straf uitdien om verlos te word nie. Daarom het God sy eie Seun mens laat word. Jesus Christus – die Seun van God en self ook God – het 'n egte en regverdige mens geword. Hy is egte mens soos ons wat gebore word en kan sterf. Maar Hy is ook regverdige mens – iemand sonder sonde, want net iemand wat sondeloos is kan vir sondaars betaal.

God het sy Seun na hierdie wêreld gestuur om as die volmaakte Verlosser die straf op die sonde in mense se plek te dra. En die Heilige Gees laat mense aan hierdie verlossing van Christus deel kry deur die geloof wat Hy met die evangelie in hulle harte opwek. Elke gelowige pa en ma in wie die Heilige Gees die geloof opgewek het, weet en vertrou dat Jesus Christus hulle ook van al hulle sondes verlos het. En omdat Christus uit die dood opgestaan het, laat die Heilige Gees hierdie gelowige ouers ook 'n nuwe lewe lei.

Die nuwe lewe wat gelowige ouers lei, is 'n lewe waarin hulle hulleself elke dag meer en meer aan die onderwysing van die Heilige Gees onderwerp. Hulle luister daagliks na die Woord van die Here waarmee die Heilige Gees hulle nog meer oortuig van die liefde van God vir hulle. En die liefde wat God in Christus aan hulle skenk motiveer hulle om alles wat hulle doen en sê so te doen en te sê dat hulle liefde vir die Here sigbaar word in hulle lewens.

En aangesien die Here se verbond 'n ewige verbond is, gaan Hy tot vandag toe daarmee voort. Gelowige ouers is deur middel van die geloof in Christus in die verbond met die Here opgeneem. En wat 'n heerlike troos en voorreg is dit nie vir gelowige ouers nie. Hulle het die sekerheid dat die Here nie net met hulle 'n verhouding het nie maar ook met hulle kinders. Omdat hierdie klein seuntjie se ouers aan die Here behoort, het ons God reeds 'n verhouding met hom al weet hy nog niks daarvan nie. Al is hy in sonde ontvang en gebore, is hy in Christus reeds afgesonder vir die Here.

Daarom lê die Here op gelowige ouers dieselfde verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie kinders van Hom wat gedoop is en die ouers van die seuntjie wat vanoggend gedoop gaan word. Deur die teken van die doop moet hierdie kinders onderskei word van die ongelowiges se kinders.

Ons wie se kinders reeds gedoop is, het belowe om ons kinders in die Woord van die Here en in die Christelike leer, soos wat dit in hierdie kerk geleer word, te onderrig. Die doopouers van vanoggend gaan dit ook belowe. Ons kan dit alleenlik aan ons kinders leer as ons self die Bybel en ons eie belydenisskrifte leer ken en begryp. Laat ons daarom tyd maak vir persoonlike Bybelstudie.

Laat ons dan ook die riglyne van die Here volg wat Hy vanoggend aan ons leer. Laat ons oral en altyd met ons kinders oor die Here en sy geboorte praat. Ons hoef nie eers uit te stel totdat ons kinders kan praat nie. Nog voordat 'n kind kan praat, is die Here immers al besig met daardie kind. Geloofsonderrig en 'n begeleiding in 'n lewende verhouding met die Here begin al wanneer daardie kindjie nog in die doeke is. Pa's en ma's, ons verhouding met die Here is mos ons lewe van elke dag en nie net iets vir Sondae of wanneer ons so voel nie. Daarom is geloofsonderrig aan ons kinders elke dag se handeling – wanneer ons in die huis is en wanneer ons op pad is, wanneer ons gaan slaap en wanneer ons opstaan. Ons begin mos nie eers Afrikaans met ons kinders praat wanneer hulle vyf jaar oud is of wanneer hulle skool toe gaan nie. Ons praat Afrikaans met hulle terwyl hulle nog nie eers kan praat nie, want so gaan 'n kind leer praat. Nog voordat ons kinders alles behoorlik kan verstaan, begin ons ook met hulle oor die Here en die verhouding met die Here te praat.

En waarvoor moet ons met ons kinders praat? Ons moet hulle van die magtige dade van die Here vertel. Ons moet hulle vertel van alles wat die Here gedoen het sodat ons in 'n lewende verhouding met Hom kan lewe. Ons moet hulle vertel van Jesus Christus en die offer wat Hy aan die kruis gebring het sodat God ons as sy kinders aangeneem het. Vertel hulle van die werk wat die Heilige Gees in ons doen sodat ons altyd kan bly glo. Maar,

meer as vertel moet ons hierdie verhouding wat ons met die Here het uitleef. Pa en ma, as ons nie self doen wat ons aan ons kinders leer nie, sal hulle ons nie glo nie. 'n Kind sal by hom- of haarself dink, as my pa en ma nie kans sien om in 'n verhouding met die Here te leef nie, hoekom sal ek dit dan waag om in 'n verhouding met die Here te leef?

By die doop beeld die Here vir ons af watter groot liefde Hy vir ons het. Sy Seun se bloed is uitgestort sodat ons sondes afgewas kan word net soos wat water die vuil van ons liggame afwas. Mag die Heilige Gees elkeen van ons wat kinders het weer herinner aan die belofte wat ons afgelê het, naamlik om ons kinders te onderrig sodat hulle van die kinders van die ongelowiges onderskei kan word.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Doop

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 128:1, 3 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Oktober 2015